

25 Oktober

Waarom is ek genees?

Skrifgedeelte: Johannes 9

Fokusgedeelte: Johannes 9:2, 3

Gedurende Jesus se omwandelinge hier op aarde was daar 'n populêre opvatting dat wanneer iemand gestremd was, hy/sy gestraf is vir 'n bepaalde sonde wat hulle of hulle ouers begaan het. In ons teks wys Jesus hierdie opvatting pertinent af; nie die blindgeborene of sy ouers het gesondig nie, maar God moet in en deur hom verheerlik word. Jesus Christus, die Seun van God, se mag om wonders te kan doen, moet aan die lig kom.

Let daarop: Ons lees nêrens dat die blindgeborene vra om genees te word nie; tog doen Jesus dit. Deur sy genesing moet hy 'n lewende getuie, 'n skynende lig wees vir almal met wie hy in aanraking kom. Inderdaad is dit dan ook presies wat gebeur – soveel so dat hy selfs nie skroom om aan die hooghartige verwaande Fariseërs die waarheid te vertel nie. Deur sy getuienis word Jesus Christus by uitnemendheid geproklameer as die Een wat van God kom. Dit kon die Fariseërs nie hanteer nie. Die gevolg: die blinde man wat genees is, word uit die sinagoge geban. Dit het hom egter oënskynlik nie gepla nie, want hy het baie meer gewen as wat hy verloor het; hy het Jesus Christus as sy Saligmaker leer ken. Deur sy getuienis is God verheerlik en is die huigelary van die Fariseërs aan die kaak gestel.

As ons gesond is, of as ons of een van ons dierbares van 'n ernstige siekte of gestremdheid verlos word, gaan dit nie in die eerste plek om ons voordeel of om ons belang nie, dit gaan om die eer van God. Hy moet deur ons genesing geprys word, sy Naam moet groot gemaak word. Met woord en daad moet ons sy lof verkondig aan almal met wie ons in aanraking kom.

Ons aanvaar so maklik ons gesondheid as vanselfsprekend, ons skryf dit so maklik toe aan ons gesonde lewenswyse of aan die geweldige vordering wat die mediese wetenskap gemaak het. Laat ons nooit vergeet dat ons gesondheid in God se hand is nie. Daarom moet ons vandag en elke dag op ons knieë gaan en Hom daarvoor dank. Ons moet egter ook ons dankbaarheid uitlewe deur gewillig en gehoorsaam te volg waar sy Heilige Gees ons deur middel van sy Woord lei.

Ds. JH Schutte (Emeritus)